KALENDER

In die kerklike jaar staan die 40 dae voor Paasfees bekend as **Lydenstyd**. In die gees van Lydenstyd gaan daar **vanaand** en 15de Maart 'n Adoramus-tipe erediens om 18:30 in die kerksaal wees.

Lidmate word aangemoedig om die Bybelstudie aangaande Lydenstyd van die webblad af te laai en te bestudeer.

WAPADRANT GEMEENTE, WAAR GOD LEWENS VERANDER

Ons is opgewonde om die volgende oor hierdie gemeente hier bekend te maak:
In hierdie Gemeente streef ons daarna dat elkeen geestelik sal bly groei deur hulle lewe en daarvoor het ons die volgende Visie bepaal – **"ELKEEN SAAM OP GOD SE PAD"**.
Om hierdie Visie te laat realiseer het ons die volgende **5 geloofsgewoontes** geïdentifiseer en Christus se liefde inspireer ons om dit na te streef:

Hieruit spruit dan ook ons waardes

LIEFDE
vir God en mekaar;
VERHOUDINGS
met God, met mekaar, met die wêreld;
GROEI
in liefde en in hierdie verhoudings;
DIENSBAARHEID
teenoor God, teenoor mekaar, teenoor die wêreld;

BELANGRIKE KONTAKBESONDERHEDE

Vir enige navrae kontak gerus die kerkkantoorpersoneel by:
0129911395 of 0129915623
(Maandag tot Vrydag 08:00 - 15:00)
Die Gemeente se webblad is egter 'n bron van baie inligting en ook ander kontakbesonderhede, gaan kyk gerus by: http://www.wapadrant.co.za

****

NUWE LIDMATE
Besoek die volgende webadres vir inskrywingsvorm http://www.wapadrant.co.za/kontak-ons.html of kry 'n vorm in die bruin kas in die voorportaal.

****

INDIEN JY 'N FINANSIËLE BYDRAE WIL MAAK
Gaan na http://www.wapadrant.co.za/finansielesake.html of gebruik sommer nou SnapScan. Volledige inligting oor SnapScan op kennisgewingbord in die saal.

Elektroniese oorplasing:
Absa, Tjeknr 3490151957, takkode 632005.
Verwysing: Naam en Van
Oorbetalings kan m.b.v. Snapscan inbetaal word.

Snap here to pay
SnapScan

****

UITREIK PROJEKTE
Navrae by die Uitreikkoördineerder:
Anlia du Plessis
0129914907/0824763047/
uitreik@gkwapadrant.co.za

* NPO's en Neem-en-Deel Bybelprojek se inligting by http://www.wapadrant.co.za/uitreik.html

* Engelse Erediens (Rainbow Christian Fellowship). Kontak Hans Lensink by 083 629 8527 hans.lensink@eskom.co.za of Malwande Mdonga by 079 904 3264/malwande@gmail.com

****

CHRISANTE HOSPITAALBEDIENING
Véra Tollig by 082 644 6741 / tollig@woodlandsnet.co.za
Indien jy by hierdie dienswerk betrokke wil raak.
Onthou om asb die Kerkkantoor in kennis te stel indien jy hospitaal toe gaan vir enige operasie of mediese prosedure!!

****

EL-PIDA: Pretoria-Oos Dienssentrum
Vir 'n leefstyl wat by die ouer persoon pas.
info@el-pida.org.net
Judy Bovey 083 325 2102

GEE JOUSELF 2020
Rom 12:1 Gee jouself

GPS

8 MAART 2020

EREDIENS VANDAG

08:30 ✓ **10:30 ✓**	**Jaco Kruger**
Teks:	Esegiël 37:1-14
Tema:	God los nie die dooies in die stof nie
18:30 ✓	**Jaco Kruger**
Adoramus erediens in die saal	

PREKE

- **KLASSIEKE EREDIENS (10:30):** Onthou om van die middel-blok af vol te maak soos ons ooreengekom het.
- **NAGMAAL** word op 29 Maart bedien by al die eredienste.
- Die **DOOP** word op 5 April tydens die oggend-eredienste bedien.

Datum	08:30	10:30	18:30
15 Mrt	Klasie	Klasie	Jaco
22 Mrt	Jaco	GEEN	GEEN

LIEFDEGAWES

Die liefdegawes tydens die eredienste word *slegs* aangewend vir Barmhartigheid.

KLEUTERKERK EN SKOOL JEUGGROEPE

- Kleuterkerk: 08:30 in Kleuterlokaal
- Laerskool- en Hoërskool jeuggroepe: 9:30 in hul onderskeie lokale.

ALGEMEEN

- **Moederskamer:** Slegs ma's met babas tot een jaar oud.
- **Konsistorie:** Babas (1 & 2 jaar) en ouers.
- **Bybels:** In die kerkbanke vir die gebruik deur lidmate en besoekers of gee gerus vir iemand wat dit nodig het.
- **"Neem-en-Deel":** Bybelboekrak in die saal. Volledige besonderhede by die rak oor hoe die projek werk.

GEBEDSBEDIENING

Deur Jesus se voorbeeld in die evangelies leer ons hoe belangrik *tyd* met ons Hemelse Vader is. (Mark1:35, Matt 6:33). Beplan eers jou alleen tyd met God en dan beplan jou tyd vir alles anders. Bid saam en vra God om jou leiding te gee om eerste op *Hom* te fokus.
~Magda Prinsloo

* Kom bid elke Sondag om 8:10 saam in die Kapél.
* WhatsApp gebedsversoek na 0825703025 of epos na bidsaammetmy@gkwapadrant.co.za

GEMEENTENUUS

http://www.wapadrant.co.za/diensgroep-en-gemeente-aktiwiteite.html

Dr. Peet het gister die Klassis Kwazulu-Natal die susters saamtrek te Port Shepstone toegespreek

Kan jy op 'n Woensdag van 15:00 - 16:00 help met huiswerk by **Sunrise Na-skool?** Kontak Dalene by 0829332416

Kom kry vandag 'n heerlike versnapering in die amfi tussen die eredienste. Die fondse word aangewend om gestremde persone te ondersteun.

Bring skoon **plastiek proppies** en plaas in die gemerkte houer langs die bruin klankkas in die saal. Herwinde proppies koop rolstoele vir gestremde persone.

Koop items op die lys en plaas dit in die **kostrollie.** Inligting is by die trollies beskikbaar. Kontak Alwyn Röhrs by 0844043839.

- **Senior Bybelstudie:** Dinsdag 09:00. Rassie gesels oor 'Die Seisoene in/van die lewe' (verskeie gedeeltes).
- **Vroue Bybelstudie:** Dinsdag 09:00.
- **Manne Bybelstudie:** Woensdag 5:30 in Toringkamer 2.
- **GKSA Nuusbrokkies** is beskikbaar by http://www.wapadrant.co.za/gksa---brokkies-nuus

LIEF EN LEED

Ons vra voorbidding vir:

- Rena Tromp wat na 'n gewone saal by Pretoria-oos hospitaal oorgeplaas is.
- Louis Botha wat 'n operasie ondergaan het by Wilgers hospitaal.
- Philip Meintjies wat in Wilgers hospitaal opge-neem is.
- Theuns en Maryna van Tonder wie se seun die af-gelope week sy aardse wedloop voltooi het.
- Lucois (een van die Sunrise Naskool kinders) wat in Sunninghill opgeneem is nadat sy van 'n 3-verdie-ping balkon geval het.
- Etienne Viljoen en sy kinders Ian en Carli. Etienne se vrou, Laurette (36jr) het Donderdag haar stryd teen kanker verloor. Laurette was Johann en Ria Viljoen se skoondogter.

Hartlik geluk aan:

- Die du Preez- en Lensink-families met die geboorte van Johan en Antoinette se baba-seuntjie. Geluk aan die trotse oupas en oumas, Hannes en Ineke du Preez asook Hans en Isabel Lensink asook die oumagrootjies Ina Lindhout (22ste agterkleinkind) en Ton Lensink (8ste agterkleinkind).

REGSTREEKSE UITSENDING

Die 08:30-erediens word **regstreeks** op *Facebook* uitgesaai. Soek 'Wapadrant gemeente' en klik op die 'Videos'-skakel.